

Beloofde land: Simbool van heerlikheid (OP67)

Num 35:1-36:13

21 November 2021

Vandag bereik ons die einde van ons bestudering van die boek Numeri. Ek vertrou dat julle my opgewondenheid deel oor hierdie boek in die Bybel wat as 'n reël nie 'n gewilde boek is nie. Ek hoop dit was duidelik hoeveel keer ons gelees het dat dit die Here is wat met Moses en die volk gepraat het. Die Here is hier aan die werk. Ek hoop ook dat dit duidelik was dat die Here juis binne Sy verbond aan die werk is. As jy enige verdere gesprek oor die inhoud wil voer, is jy welkom om my te kontak. My kontakbesonderhede is op die blog beskikbaar.

Vandag kyk ons na Num 35 en 36. Die volk is steeds op die Moabsvlakte, oos van die Jordaan. Die Here is steeds besig om die volk voor te berei in terme van wat hulle moet doen wanneer hulle in die land kom. In hierdie 2 hoofstukke word 3 aspekte aangespreek: (1) Die volk moet van die stede in die land aan die Leviete gee, (2) sommige van hierdie Levietestede moet aangewys word as asielstede, en (3) verdere bepalings word gegee rakende die grond wat Selofgad se dogters sou ontvang. Kom ons kyk hierna.

Aanwys van Levietestede (Num 35:1-8)

Die opdrag van die Here aan die volk was dat hulle van die stede in die grondgebied wat hulle sou ontvang, aan die Leviete moet gee sodat die Leviete daar kan woon. Ons het al verskeie kere van die Leviete gelees in Numeri. In Num 1:47-51 het ons gelees dat hulle nie saam met die res van die volk getel was tydens die eerste sensusopname nie, want hulle was deur die Here afgesonder vir diens by die tabernakel. In Num 3 het ons meer geleer van hoe hulle ingedeel was om hulp te verleen aan die priesters by die tabernakel. Ons het ook geleer dat die Here die Leviete afgesonder het vir hierdie rol van diens in die plek van die eersgeborenes wat aan die Here gewy was, siende dat die Here die eersgeborenes van die volk gespaar het tydens die tiende plaag. In Num 26:62 tydens die tweede sensusopname het ons gelees dat die Leviete nie 'n spesifieke stuk grond sou ontvang wanneer die land verdeel word nie.

Dit is juis omdat die Leviete nie 'n spesifieke stuk grond sou ontvang nie, dat die Here nou die opdrag gee dat die volk van hulle stede aan die Leviete moes gee, sodat die Leviete daar kon woon. Bo en behalwe die stede self, moes die volk ook weiveld rondom elkeen van hierdie Levietestede gee vir die Leviete se diere. In verse 4 en 5 word die detail gegee van hoe groot hierdie weivelde moes wees. Daar is baie spekulاسie oor hoe hierdie detail verstaan moet word. Wenham se eenvoudigste interpretasie hiervan is dat dit 'n strook van 450m breed reg rondom die stad moes wees. As dit 'n vierkant is, beteken dit die sye van die vierkant is 900m lank.

In totaal moes die volk 48 sulke stede aan die Leviete gee (v7). Wenham het ook bereken, dat as die Leviete 48 sulke stede ontvang het met die weivelde daar rondom soos in verse 4-5 beskryf, het hulle steeds maar slegs 0,1% van die land se oppervlak ontvang – wat in lyn is met Num 26:62 wat leer hulle sou nie grond ontvang nie. Verder moes die groter stamme, wat 'n groter grondgebied sou ontvang, meer stede gee as die kleiner stamme, met hulle kleiner grondgebied.

Hierdie 48 Levietestede was dus eweredig versprei reg deur die land. Lees Gen 49:5-7. Hier seën Jakob sy seuns op sy sterfbed. As hy by Levi (en Simeon) kom, verwys Jakob na die geweld wat hierdie twee stamme gepleeg het. Jakob het die gebeure in Gen 34 in gedagte gehad, toe Sigem sy dogter Dina verkrag het. Jakob se seuns het toe aangedring dat Sigem-hulle besny moet word voor Dina met hom mog trou. Die hele stad is toe saam met Sigem besny, en terwyl hulle in pyn was na

die besnydenis, het Levi en Simeon die stad ingegaan en al die mans doodgemaak. Maar let nou op wat Jakob vir Levi sê in vers 7: hulle sal uitmekaar gejaag word in Jakob, versprei word tussen die stamme van Israel. Dit is wat nou gebeur met die Levietestede versprei deur die beloofde land, onder al die stamme.

Met die goue kalf insident in Eks 32 was dit die Leviete wat hulle by Moses geskaar het en deur die kamp gegaan en doodgemaak het, ter wille van die eer van die Here. In vers 29 het Moses vir die Leviete gesê: “Vandag is julle gewy vir diens aan die Here. Want julle het selfs teen seuns en broers opgetree. Om hierdie rede gee die Here vandag aan julle hierdie besondere voorreg.” En dit het natuurlik juis die rol van die Leviete geword om die volk die voorskrifte van die Here te leer (Lev 10:11, Deut 33:9-10)

Ons sien dus weereens hoedat die Here lank gelede alreeds begin werk het daaraan dat die Leviete nou verspreid onder die volk sou woon, juis met die doel dat hulle die volk kan leer. In Jos 21 word die detail gegee van die Levietestede wat wel aangewys is na die inname van die land.

Wat kan ons leer uit hierdie gedeelte? Soos ons gesien het, was dit juis die rol van die Leviete om die volk te leer. In die Nuwe Testament bestaan daardie rol steeds: Dink maar net aan hoe Paulus vir Timoteus aanspoor as voorganger om gelowiges te leer deur die Woord te verkondig, tydig en ontydig. Hy moet vanuit die Woord onderrig gee deur te weerlê, te bestraf en te bemoedig (2 Tim 4:1-2). Dit is primêr die rol van predikante, en ook ouderlinge. Maar die Leviete het verspreid onder die volk gewoon. So is leiers wat lering gee ook verspreid deur die kerk. Sommige kerke mag 'n hele paar hê, terwyl ander maar enkele het. Die gemeentes moet verstaan dat dit druk op hierdie leiers plaas, en gemeentes behoort geleenthede te skep waar hierdie leiers die geleentheid gegee word om van ander te mag leer, byvoorbeeld deur konferensies of byeenkomste van kerkleiers.

Verder moes die volk die stede vir die Leviete gee sodat hulle 'n woonplek het en weiveld vir hulle vee. Dit is ook die verantwoordelikheid van gemeentes om hulle leiers te versorg sodat hulle 'n woonplek het, en sodat hulle sodanig versorg is dat hulle hulle aandag onverdeelde kan toespits op lering, waarvoor hulle deur die Here geroep is.

Aanwys van asielstede (Num 35:9-34)

In vers 6 lees ons dat ses van hierdie Levietestede aangewys moes word as asielstede. Vers 14 voeg by dat 3 van hierdie asielstede oos van die Jordaan moes wees, en 3 wes van die Jordaan. Die asielstede moes dus ook verspreid deur die land voorkom.

Die doel met hierdie asielstede was dat dit moes dien as 'n plek waarheen iemand kon vlug wanneer hy onopsetlik die dood van 'n ander persoon veroorsaak het (v11). Dit was die gebruik dat indien iemand 'n ander persoon se dood veroorsaak het, was dit die verantwoordelikheid van die naaste bloedverwant van die persoon wat dood is, om die dood te wreek deurdat hy die persoon wat die dood veroorsaak het, doodmaak. Om hierdie beginsel te verstaan moet ons teruggaan na Gen 9:5-6, toe die Here met Noag 'n verbond gesluit het na die sondvloed. Uit hierdie verse is dit duidelik dat die lewe van 'n mens kosbaar is – dit is kosbaar omdat die mens na God se beeld gemaak is (v6, OAV). As iemand doodgemaak word, lei God se beeld daaronder. Daarom het die Here dit duidelik gemaak Hy eis rekenskap van wie ook al iemand anders se dood veroorsaak. Kyk ook na vers 34 in Num 35 – wanneer iemand doodgemaak word, word die land onrein. En dit moet dringend reggestel word, want die Here gaan juis by Sy volk in die land woon.

Nou is dit so dat iemand op twee maniere 'n medemens se dood kan veroorsaak: Dit kan óf opsetlik wees, dus doelbewus, bepland – dan is dit moord. Verse 16-21 bespreek verskeie sulke gevalle. In so

‘n geval is die persoon wat die dood veroorsaak het, ‘n moordenaar en moet ook doodgemaak word. Die bloedverwant van die oorledene moet die persoon doodmaak. Maar dit kan ook wees dat iemand ‘n persoon onopsetlik doodmaak, per ongeluk, sonder om dit te beplan. Verse 22-23 beskryf sulke gevalle. So ‘n geval moet anders hanteer word. Wat moet gebeur, is die volgende: As iemand doodgemaak is, moet die persoon wat vir die dood verantwoordelik was, na een van die asielstede toe vlug (v11). Daar moes hy bly tot ‘n vergadering van die volk die saak kan oorweeg om te bepaal of dit opsetlike moord was, of onopsetlike manslag (v24). As die besluit is dat dit moord was, moet die skuldige doodgemaak word. As dit egter manslag was, moet die skuldige teruggaan na die asielstad toe. Daar is hy veilig teen die wraak van die bloedverwant van die oorledene. Hy moet in die asielstad bly totdat die hoëpriester sterf – daarna mag hy teruggaan na sy eie grondgebied toe (v 25, 28). As hy voor die dood van die hoëpriester die asielstad sou verlaat, mog die bloedverwant hom doodmaak. Let op, iemand moet steeds sterf om versoening te doen vir die lewe wat geneem is: in die geval van moord, is dit die moordenaar self; in die geval van manslag, is dit die hoëpriester.

Verse 29-32 gee nog twee voorskrifte: Die vergadering mag slegs besluit iemand is ‘n moordenaar op grond van die getuienis van meer as een persoon. Sodoende moes voorkom word dat iemand foutiewelik as moordenaar doodgemaak word. En verder is daar geen loskoopgeld betaalbaar wanneer iemand doodgemaak is nie. ‘n Moordenaar kon nie loskoopgeld betaal om sodoende sy teregstelling vry te spring nie, en ‘n persoon skuldig aan manslag kon ook nie loskoopgeld betaal om sodoende voor die dood van die hoëpriester terug te gaan na sy grondgebied toe nie.

Kom ons dink ook hier aan ‘n toepassing vir ons: Selfs in die Nuwe Testamentiese tyd is die lewens van mense steeds kosbaar. Mense is steeds na die beeld van God geskape. Gevolglik is dit steeds ‘n ernstige saak as iemand doodgemaak word. Soos wat die Here destyds die verantwoordelikheid gegee het aan daardie vergadering uit die volk om te besluit of die dood moord of manslag was, het die Here in die Nuwe Testament daardie bevoegdheid gegee aan die owerheid (Rom 13:1-5). Hulle moet oordeel of die onnatuurlike dood van iemand doelbewuste moord was, of onopsetlike manslag. Hulle het ook die reg om te straf op so ‘n manier dat die straf by die oortreding pas. Siende dat die Here nie êrens aangedui het dat doelbewuste moord nou ‘n minder ernstige oortreding is as wat dit destyds in Numeri was nie, moet ons steeds verwag dat moordenaars met hulle lewe daarvoor moet betaal – die rede hiervoor is dat hulle die lewe van ‘n mens wat juis deur die Here geskape is om Sy beeld te vertoon, doelbewus kort geknip het. Dus het die Here se beeld in gedrang gekom. Moordenaars moet verstaan hulle het hulle doelbewus vergryp aan ‘n geskapene van die Here, en siende dat die straf by die oortreding moet pas, moet hulle met hulle lewe betaal. In die gevalle van manslag, is die straf minder ernstig, maar daar is steeds straf.

Bepalings rakende die grond van Selofgad se dogters (Num 36:1-13)

In Num 27:1-11 het ons al gelees van Selofgad se dogters. Hulle was uit die Manassestam. Die probleem op daardie stadium was dat hulle pa reeds oorlede is en dat hulle geen broers gehad het nie. Gevolglik was hulle nêrens in die tweede sensus opgeneem nie, en omdat hierdie sensus die basis sou waarop die land verdeel sou word, het dit beteken hulle sou geen grondgebied ontvang nie. Destyds het die Here geoordeel hulle saak is reg, en hulle moet ook grond ontvang in die land.

Die nuwe vraag wat nou deur die Manassestam gerig word, is die volgende: Hierdie dogters was nog nie getroud nie. As hulle sou trou, kan dit wees dat hulle met mans trou uit ‘n ander stam. Die gevolg is dat die grond wat hulle sal ontvang, dan oorgaan na die stam waaruit hulle mans kom. Selfs in die hersteljaar sal die grond na hulle mans se stamme gaan. En sodoende sal die Manassestam deel van hulle grond verloor (v 3-4).

In verse 5-9 oordeel die Here dat die Manassestam reg het, en die Here gee die voorskrif dat in gevalle waar dogters grond ontvang, mag hulle slegs trou met mans uit hulle eie stam. Dit sal tot gevolg hê dat elke stam sy grondgebied behou, en grond nie van een stam oorgaan na 'n ander stam nie. In verse 10-11 lees ons dat die dogters van Selofgad ingestem het, en dat hulle getrou het met neefs aan hulle pa se kant van die familie. Dit het ook 'n algemene instelling geword onder die volk.

Kom ons dink weer aan 'n direkte toepassing vir ons: Ons leer hier dat die keuse van 'n huweliksmaat vir die dogters van Selofgad ingeperk was: as hulle wou trou, moes hulle met iemand uit hulle stam trou. Die keuse van 'n huweliksmaat is vandag steeds 'n belangrike saak. Sekerlik is dit so dat 'n gelowige 'n medegelowige moet kies as huweliksmaat, net soos wat die volk net met iemand wat deel van die volk was, mog trou. Maar wat ons hier lees is dat die keuse vir Selofgad se dogters nog verder ingeperk was – hulle mog net trou met iemand uit hulle eie stam. En die rede daarvoor was: anders kan die grondgebied wat aan elke stam gegee is, versplinter en verdeel. Onthou die beloofde land was deel van God se verbondsbeloftes, en die toedeling van die land moes volgens die Here se wil geskied. Die punt is dus dat Selofgad se dogters sodanig moes trou dat dit nie die vervulling van God se verbondsbeloftes bedreig nie. Dieselfde kan vandag steeds geld: gestel die Here het iemand spesifiek geroep vir 'n besondere taak binne Sy koninkryk – byvoorbeeld om sendeling te wees. As so iemand 'n huweliksmaat kies, moet die huweliksmaat nie net 'n gelowige wees nie, maar dit moet ook 'n persoon wees wat hierdie besondere taak ter realisering van God se koninkryk, kan ondersteun. Weereens: soek eers die koninkryk van God!

Groter betekenis

Tot dusver het ek in die drie dele wat ons bespreek het, 'n toepassing gemaak wat uit daardie spesifieke deel na vore kom. Alhoewel ek oortuig is dat daardie toepassings geldig is, put dit nie die gedeelte uit nie. Dit neem nie die geheelbeeld van wat hier aan die einde van die boek Numeri gekommunikeer word, in ag nie. Dit neem nie werklik in ag dat dit juis oor die beloofde land gaan nie. Ek wil dus dat ons nou bietjie terugstaan en 'n geheelbeeld probeer vorm van wat hier aan die einde van die boek gesê word.

Blaai saam met my vanaf Numeri 32:

- Num 32: Ruben, Gad en die halwe Manassestam wil nie grond wes van die Jordaan hê nie, net oos van die Jordaan. Alhoewel Moses dit eers teenstaan, word hulle versoek toegestaan maar met streng voorwaardes.
- Num 33:1-49: 'n Opsomming van die kampplekke tussen Egipte en die Moabsvlakte. Die Here herinner die volk hulle is op 'n oorwinningstog, maar herinner hulle ook dat dit hulle sonde was wat veroorsaak het dat hulle by soveel plekke moes kamp.
- Num 33:50-56: Wanneer hulle die land inneem moet hulle dit deeglik doen – hulle moet die inwoners van die land uitroei, en hulle moet dit in besit neem.
- Num 34:1-14: Die Here gee detail oor die landsgrense – die land is groot!
- Num 34:15-29: Die Here wys manne aan wat verantwoordelik is om die land te verdeel. Hulle moet dit verdeel volgens die tweede sensusopname.
- Num 35:1-8: Die volk moet 48 stede aan die Leviete gee sodat hulle tussen die volk kan bly, en die volk kan leer.
- Num 35:9-34: Ses van die Levietestede moet assielstede wees, waar 'n persoon wat skuldig is aan manslag veilig kan woon, tot die hoëpriester sterf. Daarna mag hy terugkeer na sy grondgebied. Moordenaars moet egter doodgemaak word.
- Num 36: Selofgad se dogters moet binne stamverband trou sodat elke stam se grondgebied sy grondgebied bly.

Kom ons dink nou oor die volgende vraag: Vir wie is daar plek in die beloofde land? Daar is plek vir Ruben, Gad en die Mannassestam, maar met streng voorwaardes, en dit blyk uit die latere geskiedenis hulle het dit nie nagekom nie. Daar is plek vir die hele volk – vir groot stamme is daar groot stukke grond, vir klein stamme, kleiner stukke grond. Daar is selfs plek vir persone wat die samelewing dikwels oor die hoof sien, soos Selofgad se dogters. Daar is plek vir die Leviëte en priesters. Daar is selfs plek vir persone wat skuldig is aan manslag. Maar daar is nie plek vir moordenaars nie.

Maar ons weet die beloofde land is 'n simbool of 'n tipe van die ewige heerlikheid, wat die werklike eindpunt is van die verbond van die Here. Wat kan ons nou uit hierdie hoofstukke leer rakende daardie ewige heerlikheid?

- Die beloofde land is groot, en die ewige heerlikheid is ook groot. Daar is plek vir baie mense – soos Jesus geleer het: in Sy Vader se huis is daar baie woonplek. Ons hoef ons nie te bekommer of daar genoeg plek sal wees nie. Daar is baie plek.
- Ons leer dat groot stamme groot gedeeltes van die beloofde land gaan kry, en kleiner stamme kleiner gedeeltes. Dit is ook waar in die ewige heerlikheid: Tydens die finale oordeel gaan Jesus die werk van elke gelowige toets (1 Kor 3:13-15). Die wie se werk die toets deurstaan, sal beloon word. Die wie se werk nie die toets deurstaan nie, sal nie beloon word nie – alhoewel hulle self gered sal word. As jy tydens jou lewe hier op aarde hard en opbouend gewerk het aan die bou van God se koninkryk, kan jy verwag om 'n groter deel van die land te kry, oftewel om groter verantwoordelikhede in die ewige heerlikheid te ontvang.
- Ons leer daar is selfs plek vir die geringstes, soos daar plek was vir Selofgad se dogters. Maak nie saak of jy arm is, ongekwalifiseerd is, lae status het, jonk is, oud is, siek is of wat ook al nie – solank jy deel van die volk is, solank jy 'n ware gelowige is, is daar vir jou plek.
- Daar is spesifiek plek vir die Leviëte, en saam met hulle die priesters. Onthou dit was hulle wat die volk moes leer. Alhoewel dit nie presies dieselfde is nie, leer ons in 1 Tim 5:17 dat 'n ouderling, veral die wat preek en onderrig gee, dubbele erkenning kan verwag. Natuurlik is daar plek vir sulke persone in die ewige heerlikheid. Maar ons kan selfs wyer hieroor dink: alle gelowiges is tog priesters. Ja, in hierdie lewe is daar nog 'n rol om mekaar te leer, maar in die ewige heerlikheid is dit nie meer nodig nie. In Jer 31:34 lees ons: "'n Man sal nie meer sy buurman of sy broer voorhou: 'Jy moet die Here dien' nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here.'" Daar is plek vir alle gelowiges.
- Daar is selfs plek vir persone wat skuldig is aan manslag – op voorwaarde hulle woon in die asielstad tot die hoëpriester dood is. Wie moet ons hier in gedagte hê? Net die persone wat deur 'n hof skuldig bevind is aan manslag? Nee, in 'n sekere sin is ons almal skuldig aan manslag. In Mat 5:21-22 leer Jesus dat as ons vir ons broer kwaad is, of hom uitskel is ons ook skuldig aan sy dood. Die vraag is: het ons dit doelbewus en bepland gedoen, of was dit onbepland. Was dit moord, of was dit manslag? As dit manslag is: dan is daar plek in die ewige heerlikheid – maar net deur die asielstad en deur daar te bly tot die hoëpriester se dood. Deur die heerlike versoeningswerk van die ware Hoëpriester is daar plek in die ewige heerlikheid selfs vir diegene wat hulle naaste tekort gedoen het, maar dan moet daar bekering en berou wees, daar moet versoening deur Jesus wees. Indien dit nie waar is nie, is jy 'n moordenaar – en vir moordenaars is daar nie plek in die ewige heerlikheid nie.
- Daar is nie plek vir twyfelaars nie, soos ons 'n paar weke gelede gesien het van Ruben, Gad en die halwe Manassestam wat nie te ver en ook nie te naby aan die beloofde land wou wees nie. Ek lees hierdie week weer Eseg 47:18, waar Esegël ook 'n visioen sien van die

komende beloofde land, oftewel die komende heerlijkheid. Daar word die grense van die land ook beskryf – en weer is die oosgrens die Jordaan, wat weereens onderstreep die Here wou nie hierdie stamme oos van die Jordaan hê nie, maar wel binne die beloofde land. Die Here het hulle immers gewaarsku as hulle die land in besit neem, moet hulle dit deeglik doen – hulle moet die land skoon maak, en die land in besit neem. Maar hierdie stamme het gewonder of net oos van die Jordaan nie 'n goeie middeweg sal wees nie – bietjie van die wêreld en 'n bietjie van die koninkryk. Jak 1:7-8 leer: “So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.”

- En laastens, as jy eers deel is van die beloofde land en jy het jou erfdeel ontvang, bly dit joune vir altyd. Selfs al is jy die geringste, soos Selofgad se dogters. Hulle erfdeel was deel van die Manassestam se erfdeel. En dit sou hulle erfdeel bly – vir altyd. In die ewige heerlijkheid is daar nie kompetisie tussen gelowiges nie. Wat jy ontvang het, bly joune – vir altyd, en jy gebruik dit tot eer van die Here. Verskeie kommentare maak die opmerking die einde van Numeri is ietwat van 'n antiklimaks. Ek dink allermens so: die Here wil dat ons verstaan, daardie heerlijkheid wat Hy vir ons voorberei, is 'n ewige heerlijkheid wat ons nooit weer gaan verloor nie!